



Dis belangrik om so vroeg moontlik openlike gesprekke met jou kind oor geld te hê. | FOTO: ISTOCK

Hierdie varkie is vir spaar...

As jy jou kind wil leer oor geld, is dit nie bloot goed genoeg om net 'ja' of 'nee' te antwoord wanneer sy iets wil hê nie. **Landi Slatter** vra die geldkenners vir raad.

Dis moeilik genoeg vir volwassenes om goed met hul geld te werk en nie bo hul finansiële vermoë te lewe nie, wat nog te sê om ietsie oor te hou om te spaar...

Hoe leer mens dan vir kinders om slim met hul geld te werk én te spaar?

Rapport het in Januarie berig die kredietburo TransUnion se data toon 82% van Suid-Afkaners is finansiële in die knyp en 84% lê snags wakker oor skuld en geldtekort.

Hul verslag oor die uitwerking van Covid-19 op Suid-Afkaners toon 59% het hul diskresionêre besteding verminder, 43% het hul subskripsies en lidmaatskappe beëindig en 33% het digitale dienste gekanselleer. Data vir dié verslag is van 1 tot 3 Desember 2020 in 'n aanlyn peiling versamel.

As grootmense dan so sukkel, hoe maak jy seker jou kind leer van jongs af gesonde finansiële gewoontes aan?

Basiese beginsels

Stephen Katzenellenbogen, senior uitvoerende beampte en welvaartbestuurder by NFB Wealth Management, sê in 'n verklaring jy hoef nie te wag om vir jou kinders 'n geldelike nalatenskap agter te laat nie, jy kan hulle sommer nou al help om gesonde besparings- en bestedingsgewoontes te ontwikkel.

Lesse oor geld moenie nêet gaan oor spaar nie, maar ook oor hoe om geld te bestee.

Hy gebruik met sy eie kinders 'n storie oor eekhorings om hulle sekere beginsels te leer.

Wanneer eekhorings oud word, het hulle nie meer so baie energie soos toe hulle jonk was nie en hou bietjie meer daarvan om te rus, maar wanneer hulle nog jonk is, het hulle baie energie en moet vir verskeie redes soveel moontlik akkers bymekaar maak:

■ Hulle maak akkers bymekaar sodat hulle en hul gesinne kan eet.

■ Hulle maak akkers bymekaar vir die winter ingeval dit moeiliker is om dan kos in die hande te kry.

■ Hulle maak ook akkers bymekaar vir wanneer hulle oud is en nie meer energie het om akkers te gaan soek nie.

Dié analogie word herlei na die drie lesse, naamlik:

■ Verdien geld sodat jy kos en klere kan koop (huur betaal, skoolgeld betaal, ens.)

■ Skep 'n noodfonds vir ingeval iets nie volgens plan verloop nie, soos as jy jou werk verloor, siek raak, ens.

■ Spaar geld vir jou aftrede.

Stephen sê hy hoor ook dikwels dat ouers spog daaroor dat hul kinders al hul sakgeld spaar. "Dit beteken hulle hou aan om hul ouers se geld te bestee en verloor 'n waardevolle geleentheid om te leer oor die waarde van geld."

Nadat hy die eekhorings storie met sy kinders gedeel het, het hy vir hulle elkeen hul eie sakgeld op 'n kaart begin gee.

R50 gaan in die bestedingsrekening in en R50 in die spaarrekening.

"Oor die afgelope maande het hul bestedingspatrone reeds begin verander. Aan die begin het hulle bestee aan nonsens en lekkers en nou wag hulle vir 'n

Wenke vir ouers

As 'n kind byvoorbeeld in 'n winkel vra vir 'n speelding of 'n lekker wat jy nie nou wil koop nie, gee die opvoedkundige sielkundige Irma Eloff die volgende praktiese raad:

■ Gee keuses – moenie net "ja" of "nee" sê nie. Jy kan sê dat hy miskien nou hierdie suigstokkie kan kry, maar as hy wag, kan julle vanaand by die huis malvalekkers braai én hy kan karamelsous daarby kry, byvoorbeeld.

■ Gee vir jou kind positiewe boodskappe oor hoe hulle met geld werk. Voorbeelde hiervan is "ek sien jy neem goeie besluite oor jou sakgeld" of "ek sien jy spaar mooi".

■ As jy op 'n bedrag besluit het vir sakgeld, kom ooreen waarvoor die kind dit moet gebruik en hou daarby. Byvoorbeeld, as 'n tiener 'n groter bedrag sakgeld kry, maar self sy eie klere moet koop, moet die ouer daarby hou en nie ingee as die kind dalk 'n duur klere-item wil hê een maand nie.

paar maande se spaargeld om iets te kry wat hulle regtig wil hê."

Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, skryf verlede week in sy rubriek in Rapport Beleef kinders moet vroeg leer dat as daar nie geld is vir 'n ding nie, dan wag ons tot daar geld is.

"Dis nie genoeg om dit vir die kind te vertel as hy of sy iets wil hê nie. Dit is belangrik dat jy self die reël volg."

Woorde maak saak

Prof. Irma Eloff van die departement opvoedkundige sielkunde aan die Universi-

teit van Pretoria (UP), sê dit is uiters belangrik vir gesinne om openlike gesprekke te hê oor geld.

"Daar is dikwels 'n kultuur van 'ons praat nie oor geld nie' of dat ouers apart oor geld praat. Wees openlik en sê 'dit is die situasie', maar ook gerusstellend en sê 'dis ons planne wat ons nou maak om die situasie te verbeter of op te los.'"

Hoe jy met 'n kind oor geld praat, moet pas by sy of haar ontwikkelingsvlak, sê sy.

Met kleuters is konkrete voorbeelde 'n goeie idee.

"Wys vir hulle hoe lyk 'n R2 en 'n R10, speel winkel-winkel met hulle. Wat kan ek met R10 koop?"

"Wys die basiese beginsel van 'n spaarbussie, as hy vol is, kan jy iets gaan koop, ens."

Met laerskoolkinders en adolessente kan jy gesprekke oor geld meer begin oortrek na die abstrakte toe.

"Hê begrotingsgesprekke. Hoeveel kom in per maand, en hoeveel bestee ons?"

Sy sê dis 'n baie goeie idee om vir 'n laerskoolkind 'n spaarrekening by die bank oop te maak.

Begin vroeg

Forbes.com berig 'n studie deur navorsers aan die Universiteit van Cambridge toon dat kinders so jonk as sewe jaar reeds baie van die basiese konsepte verwant aan finansiële gedrag ontwikkel het.

Baie van jou finansiële gewoontes is reeds dan gevorm en sal jou waarskynlik altyd bybly.

Solank dit wat jy met jou kind oor geld bespreek by die ouderdom en ontwikkelingsvlak van die kind pas, is dit goed om vroeg reeds hierdie gesprekke te begin hê.